

Sing vooraf staande: Psalm 138:1

-1-

'k Sal met my ganse hart, o HEER,
U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode, in psalmgeklank,
U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis,
na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam,
u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:9.

-9-

Geloofd sy God met diep ontsag,
want Hy oorlaai ons dag aan dag
met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys,
die God van saligheid nie prys,
met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid
versterk ons in die dag van stryd
en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood,
selfs as ons sidder vir die dood,
volkome uitkoms gewe.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 25:6

6-

Wie's die man wat hier benede
in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede
voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand
hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land
sal sy nageslag beërwe.

Skriflesing: 2 Korintiërs 3

Teks: 2 Korintiërs 3:8 ; Kategismus Sondag 25;

...hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie?

Geloof kom enersyds prakties tot uitdrukking in ons aanbidding en die uitlewing van ons godsdiens. Die teksvers handel veral oor 'n ander faset daarvan, naamlik die geestelike aspek van ons aanbidding :

- "...die bediening van die Gees."
- Dit handel oor ons geloof en oortuiging.
- Mens sou kon sê letterlik die volle som van ons geloof, word deur die Heilige Gees bewerk.

Ons doen met hierdie preek voorbereiding vir die komende Nagmaalviering en gee daarom aan die volgende twee sake aandag:

1. Die verhouding tussen die Heilige Gees en die Sakramente.

2. Die verhouding tussen Sakramente en ons daaglikse bekering.

1. Die verhouding tussen die Heilige Gees en die Sakramente.

Hoe werk die Heilige Gees? Ons weet dat Hy die geloof in ons bewerk en ons geloof versterk. Maar hoe doen Hy dit?

- Die belangrikste middel waarmee die Heilige Gees werk wanneer Hy ons tot geloof bring en die geloof in ons versterk, is die verkondiging van die Evangelie. Hy werk m.a.w. met die Bybel.
- Die Heilige Gees werk met die Woordverkondiging op twee vlakke.
 - Die eerste is deur die prediking.
 - Dit is wanneer ons saam is in die erediens en die Here ons deur sy Woord onderrig.
 - Ons kan ook onder hierdie afdeling ons eie Bybellees en Bybelstudie insluit.
 - Maar die Heilige Gees gebruik ook die Woordverkondiging op 'n ander vlak.
 - Dit is naamlik deur die sakramente: die Doop en die Nagmaal.
 - Die sakramente is in hulle wese niks anders as Woordverkondiging nie.

Die sakramente is "sigbare prediking" waarmee die Heilige Gees ons verlossing deur die Here Jesus aan ons verduidelik.

- Ons almal se geloof het die manier om te slyt as ons dit nie voortdurend weer opbou nie.
- Daarom het die Here die sakramente in sy kerk ingestel, sodat die Heilige Gees deur die sakramente voortdurend weer lewe in ons geloof bewerk.

Die Heilige Gees gebruik die sakramente só:

- Ons sien en voel en proe **dit wat ons glo**. Dit maak dit dus makliker om die onsienlike beloftes van God te verstaan.
- Verder **wys** die sakramente 'n sekere **geloofspad of geloofsrigting aan**, naamlik dat ons moet leef vanuit ons verlossing in Jesus Christus.

- Ons **hoor troos** wanneer ons die sakramente gebruik: Ons behoort aan die Drie-Enige God, en ons sondes is almal volkome vergewe.

Die boodskap van die sakramente is dus presies dieselfde as die van elke preek. Dit is Woordverkondiging wat net op 'n ander manier aangebied word, omdat die sigbare elemente, dit is die brood en die wyn by die Nagmaal, en die water by die doop, deur die Heilige Gees gebruik word om die groot krag van God aan ons te openbaar.

- Ons moet net onthou dat die sakramente self nie dinge in ons verander nie.
- Die doop self, soos wat dit gebeur, maak nie die mens wat gedoop word rein voor God nie.
- Die doop is net die teken daarvan dat Jesus jou rein was met sy bloed.
- Die Heilige Gees gebruik die sakramente om weer die beloftes van die Here aan jou te stel.

Ons kan sê die Heilige Gees skerp ons op deur die gebruik van die sakramente, omdat die genade wat ons hoor by die Doop en die Nagmaal God se bevel is om aan Hom gehoorsaam te wees.

- Ons word elke keer weer opskerp om as't ware van nuuts af gehoorsaam te wees aan Hom.
- Kom ons stel dit anders: die Heilige Gees gebruik die sakramente om ons weer op Christus te rig.

2. Die Sakramente en ons daaglikse bekering.

Die Heilige Gees gebruik die sakramente om ons geloof te versterk, m.a.w. sodat ons die Here beter kan ken, maar ook om ons in ons daaglikse bekering op te skerp.

- As ons eerlik is met ons geloof en opreg is om van ons sondes af weg te breek, verander die Here ons.
- Hy verander ons so dat ons die booshede wat ons aanvang, prysgee en verder gaan met 'n goeie lewe.

Daarom bely ons die sakramente as heilige waartekens.

- Hulle is God se waarmerk op sy beloftes.
- Dit is sy waarborg dat Hy na al die eeue, sy beloftes hou, en dat Hy steeds besig is om dit oor ons tot vervulling te bring.

Ons vind in die Bybel net twee sakramente, naamlik die doop en die Nagmaal. ***Ons moet onthou dat God die Heilige Gees nie in die Ou Testament anders werk as in die Nuwe Testament nie.*** Dit beteken dat die sakramente wat ons uit die Nuwe Testament leer ken het, ook in die Ou Testament teenwoordig moet wees.

- In die Ou Testament stel die Here die besnydenis in as die teken van die verbond, en in die Nuwe testament word dit die doop.
- Net so is die Pasga in die Ou Testament die simbool van verlossing en van die verbond, terwyl dit in die Nuwe Testament met die Nagmaal vervang word.

Die inhoud van altwee die sakramente is dat Jesus Christus se bloed ons verlos. Daarom

mag ons nie die sakramente minag of geringskat nie, want die Heilige Gees gebruik albei sakramente om ons hele lewenssiening op Jesus Christus te rig.

Elke sakrament belig dit net van 'n ander kant af:

- Die Doop leer dat Jesus se bloed ons skoon was van al die smet van ons sondes, sodat ons rein voor God kan verskyn.
- Die Nagmaal leer dat die Here Jesus met sy liggaam en bloed ten volle betaal het vir al ons sondes, sodat God ons nie daarvoor hoef te straf nie.
- Al twee die sakramente leer dat God aan ons die ewige lewe skenk as gevolg van die verdienste van die Here Jesus Christus.

Daarom moet ons met die bediening van die sakramente baie groot erns maak. Ons moet baie goed dink en besin waaroor dit gaan.

- Mens gebruik nie nagmaal voordat jy nie eers daarvoor voorberei het nie.
- En jy doop ook nie jou kinders voordat jy nie eers die erns daarvan deurgedink het om jou kind na God toe te bring, sodat God die volle inhoud van die verbond en verlossing aan hom/haar kan bevestig nie.

Dit het nog 'n verdere invloed: as die sakramente aan ons bedien word, moet ons lewe soos gelowiges wat die inhoud van die sakramente respekteer.

- Ons kan nie ons kinders doop toe bring, omdat die Heilige Gees ons lei om dit te doen, en omdat die Heilige Gees die doop gebruik om verlossing aan ons kind te preek, maar ons gaan maak nie hierdie kind gelowig groot nie.
 - Dan gaan die Here ons straf, omdat ons ons eed aan die Drie-Enige God verag, en dit nie nakom nie.
 - Dit is dieselfde soort van sonde teen die Heilige Gees as wat Annanias en Saffira gedoen het toe hulle vir die Here gelieg het.
- Net so mag ons ook nie goddeloos lewe as ons Nagmaal gebruik het nie, want dan verloën ons ook alles wat die Heilige Gees deur die Nagmaal aan ons bevestig het.

Kom ons lees Sondag 25 saam.

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).

(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Filp 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.

Vraag 66: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).

(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9, 24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.

Vraag 67 : Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is (a).

(a)Rom 6:3; Gal 3:27.

Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

Amen.

Slotpsalm 86:6.

-6-

Leer my na u wil te handel,
'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam
tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe,
nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys -
'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 29 September 2013